

Jak 5:11: “Ons noem hulle geseënd omdat hulle volhard het. Julle het gehoor van die volharding van Job (Johannes) en julle het gesien waarop die Here dit laat uitloop het. Die Here is immers ryk aan barmhartigheid en ontferming.”

Iets groot en opwindend en wonderwerkerig het op Maandag, 24 Junie gebeur. 9 jaar en 92 dae na die ongeluk. Johannes en sy fisio, Annelie Benade het besluit dat hy alleen met sy loopraam moet loop. Hy het dit mooi reggekry en het trots gelag terwyl ek die video geneem het. Alle eer aan die Here wat so getrou is.

Jes: 19 en 20: “Ek sal in die woestyn seders laat groei, doringbome, mirte en olyfbome. Ek sal in die barre wêreld sipresse laat groei saam met platane en denne. Dan sal die mense sien en erken, almal sal begryp en insien dat die Here dit gedoen het, dat die Heilige van Israel dit geskep het.”

Die tweede kwartaal het ten einde geloop. 'n Hartlike dank aan al die versorgers wat elke week op hul pos is om vir Johannes te help met Fisio, Lino, Arbeidsterapie, Body Stress Release, fietsry, perdry, Geskiedenis, Geografie, Wiskunde, Biologie, Afrikaans, Engels, Duits, LO, Kuns, naels knip, bekfluitjie speel, opwarmingsoefeninge en saamsing met die kitaar, jukse- en “carpet bowling”-speel en dan ook vir die 3 studente wat elke Woensdagmiddag getrou op Stellenbosch met Johannes oefen. Sonder julle entoesiasme, aanmoediging, optimisme en harde werk sou ons dit nie self kon maak met hierdie taak om vir Johannes net die beste te gee nie.

Tydens die vakansie werk Johannes kliphard saam met my. Hy skud steeds die wasgoed swaai-swaai uit sodat daar nie 'n kreukeltjie agterbly nie, hy stof skud-skud al singende op die maat van harde musiek af, ons maak kaartjies, gaan stap wye draaie met die rolstoel en doen saam-saam allerhande tuinwerkies.

'n Paar kwinkslae deur Johannes:

- Maak die mense in Japan ook in potte kos?
- Kan die sportkommentator van RSG, Christo Gawie, ook onbeskof wees?
- Kan 'n mens is die somer ook “springrolls” maak?
- Kan 'n mens verstaan as jy sit/lê?
- Kan Oostenryk in armoede verval?
- Kan 'n Tukkie Basmati(e)rys eet?

Gebedsversoeke:

- Dankie aan almal se deelname in Johannes se gesondword-pad
- Vir hoofpyn- en epilepsievrye tye
- Vir gemotiveerde en vriendelike gesindhede
- Vir sterk bene en oë wat kan sien
- Vir diegene wat gedurende die vakansie reis, se veiligheid

Fanny Crosby het baie kerkliedere geskryf. Sy het blind geword toe sy 6 weke oud was. Toe sy 8 jaar oud was, skryf sy:

“Oh what a happy soul am I!
Although I cannot see,
I am resolved that in this world
Contented I will be;
How many blessings I enjoy
That other people don't!
To weep and sigh because I'm blind,
I cannot, and I won't.”

Hierdie gedigjie laat my baie aan Johannes se gesindheid teenoor die lewe dink.
Lees weer Jak 5:11 hierbo.

Tot volgende maand. Anelé

Foto's Vorderingsverslag 92



Willem, Hein en Johannes op Vadersdag



Johannes skud wasgoed uit



Johannes stof af op maat van musiek



Jukskei saam met oom Pieter



Johannes en tannie Anneline dans



Kunsprojek: Johannes en Suzaan